
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Die Bybel se Opdragte oor die Doop

Die Waterdoop is beslis nie 'n betekenislose of 'n blote naam gee seremonie nie, maar 'n definitiewe ondervinding in die lewe van die Nuwe Testamentiese Christen. Dit word vir ons opgeteken in die Evangelies, in die Handelinge van die Apostels en in die Sendbriewe.

Hand. 2:38-41: En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar vêr is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê, Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag. Die wat toe Sy Woord met blydskap aangeneem het, is gedoop, en daar is op diè dag omtrent drieduisend siele toegebring.

Heb. 6:1-2: Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die dopinge en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

Hier word dan ook die FONDAMENT van ons Christelike lewe opgeteken, en die fondament is altyd HEEL ONDER, AAN DIE BEGIN, met ander woorde die voorafgemelde in die Hebreër brief behoort opmekaar te volg: bekering, geloof in God, doop, ens. LET OP DIE VOLGORDE! En so moet ons elke dag groei tot volmaaktheid – die geloofslewe is 'n progressiewe saak!

Maar waarom huldig ons dan hierdie instelling van die doop? Vyf baie goeie redes:

1. JESUS HET DIT BEVEEL. Markus 16:16: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. Matt. 28:19 en 20: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het, Ek kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

2. JESUS IS GEDOOP. Matt. 3:13-17: Toe het Jesus van Galilèa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word. Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat. En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

3. DIE APOSTELS HET DIT BEVEEL. Hand. 2:38: En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Bybel se opdragte….)

Gees ontvang. Hand. 10:48: En hy (Petrus) het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae te bly.

4. AS ONS JESUS LIEFHET, SAL ONS SY GEBOOIE HOU. Joh. 14:15: As julle My liefhet, bewaar My gebooie (opdragte).

5. ONS BEKRAGTIG ONS GELOOF DEUR ONS GEHOORSAAMHEID. Jak. 2:17-18: Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê. Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

Vir wie geld die instelling van die doop?

As ons die Bybel lees sal ons vind dat mense altyd gehoor, geglo en die Woord ontvang het, en dan gedoop is. BEKERING EN GELOOF gaan altyd die Waterdoop VOORAF. Daarom noem ons dit ook die doop van die gelowige.

a. **HY WAT GEGLO EN HOM LAAT DOOP…. Mark. 16:16**

b. Die Samaritane het GEGLO en is toe GEDOOP. **Hand. 8:12: Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die Evangelie aangaande die Koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.**

c. Die hofdienaar het GEGLO en is toe GEDOOP. **Hand. 8:37-38: Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou, en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar: en hy het hom gedoop.**

d. Petrus het beveel dat die heidene wat GEGLO het, GEDOOP moes word. **Hand. 10:47-48: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae, te bly.**

e. Die dissipels in Efese het GEGLO en is GEDOOP. **Hand. 19:4-5: Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een vat na hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus.**

Lees ook asb. Hand 8:17-18, Hand. 16:30-34 en Hand. 18:8.

Die rede waarom ons soveel probleme ondervind oor die doop, is omdat ons redding en verlossing alleenlik toegespits is op sondes, en ons laat agterweë die allerbelangrikste feit, nl. JESUS IS OOK HERE van ons lewens!

Rom. 10:9: As jy met jou mond die Here Jesus bely (bely dat HY HERE is) **en met jou hart glo….. sal jy gered word.** Jy kan nie volgens die Nuwe Testamentiese wyse na Jesus Christus kom sonder om Hom as HERE (koning, meester,) te kroon nie. Ons dink dikwels net aan Hom as die een wat vir ons 'n kaartjie hemel toe gee, en dat Hy ons gaan seën al die pad daarheen en al wat van ons verlang word is om te glo. "O ja, ek glo Hy is Here, ek glo in Jesus." Die duiwel glo ook en hy sidder!

Daarom, soos ons voorheen gesê het, BEKRAGTIG ons ons geloof deur die waterdoop, want JESUS HET DIT BEVEEL, en as HY ONS HERE IS, DOEN ONS WAT HY Sê.

Lukas 6:46: En wat noem julle My: Here! En doen nie wat Ek sê nie?

Ons het tot bekering gekom, weggedraai van sonde af en het geglo in Jesus Christus as HERE – die vanselfsprekende bewys is dat jy gehoorsaam aan Hom sal wees! En die heel eerste ding wat onse HERE sê nadat ons geglo het, tot bekering gekom het, geloof in Hom bely en Hom as HERE bely, is oor die waterdoop. As jy glo dat jou huis binne 10 minute gaan ontplof, en jy bly maar daar binne, weet jy wat met jou gaan gebeur! En die gevolgtrekking sal wees of jy het nie geglo dit gaan gebeur nie, of jy gee nie om nie! Presies dieselfde geld vir Jesus se opdragte: AS JY WAARLIK GLO SAL JY OPTREE!

Op 'n ander plek sê Jesus: **As julle My liefhet, bewaar My gebooie (Joh. 14:15).** Liefde motiveer tot gehoorsaamheid. LIEFDE is die Hart van die Kerk. Ons reageer op die Woord van God as 'n bewys van ons liefde. **Joh. 14:21: Wie My gebooie het en die bewaar, dit is hy wat My liefhet.**

'n Samevatting van wat ons tot dusver gesê het sal wees: DIE VOORWAARDES VIR DIE DOOP IS DUS BEKERING, GELOOF IN GOD EN BELYDENIS VAN CHRISTUS AS HERE. Dit is baie duidelik dat geen klein kindjie tot hierdie dinge in staat is nie, daarom kanselleer dit die hele teologie van die suigelingsdoop.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Bybel se opdragte…)

Maar laat ons nog 'n bietjie verder kyk. Die waterdoop is simbolies van 'n baie realistiese geestelike ondervinding. Ons word gedoop in Jesus Christus se DOOD in, ons word saam met HOM BEGRAWE, en ons STAAN SAAM MET Hom OP uit die graf van sonde tot 'n nuwe lewe. Die Skrif wat hiermee gepaard gaan is:

DOOD: Rom. 6:3, 4, 5 en 11: Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan Sy dood, sal ons dit tog ook wees deur die aan Sy opstanding; So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

BEGRAFNIS: Kol. 2:12: Omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

OPSTANDING: Kol. 3:1: As julle dan saam met Christus is en opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. (Ook Rom. 6:4-5). Die doop is dus die tyd wanneer jy met Christus identifiseer.

Jesus Christus Self was dan ook die Eersteling in die waterdoop – ek het die Skrif reeds weergegee. Jy sal sien dat Jesus nooit iets van ons verlang het wat Hy nie eers Self gedoen het nie. En hierdie stap was ook die Vader se Wil, want Jesus het gesê: **Ek het gekom om U Wil te doen.** Hou ook in gedagte dat Jesus Christus, as 'n Joodse babatjie besny was – as die waterdoop dan in die plek van die besnydenis gekom het, soos die tradisionele kerke bely, waarom is Jesus dan gedoop? En hierdie selfde vraag kan gevra word oor al die dissipels en apostels van die Nuwe Testament – hulle was almal Jode wat volgens hulle tradisie besny was – waarom is hulle dan ook nog gedoop as volwassenes as die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Sou hulle miskien te doen gehad het met Wederdopers soos die kerk in hulle onbesonne aantygings mense noem wat as babas BESPRINKEL is (Let wel: doop, baptise beteken om in te sit, om ten volle te bedek met 'n vloeistof en dan weer uit te haal) met ander woorde NIE GEDOOP IS NIE, MAAR NET BESPRINKEL, en toe hulle gehoorsaam geword het aan God se Woord, hulle laat doop het!

1. Vir eeue stry die kerk oor die detail hoe 'n mens gedoop moet word nl. Besprinkel of onderdompel, maar die detail word onmiddellik opgelos as ons na die kern van die opdrag kyk nl. **Bekeer en glo en dan laat julle doop.**

2. Nêrens in die Bybel was 'n baba besprinkel of gedoop nie, en dit is heeltemal onskriftuurlik. Dikwels word gesê dat Cornelius en sy huisgesin gedoop is en dat daar 'n baba was maar dit is net gissing, want die Bybel sê die Heilige Gees het op hulle gekom en hulle het almal in ander tale gepraat – wel dit sluit sekerlik 'n baba uit!

Kerklike tradisie sluit dan ook aan by hierdie menslike leerstelling van die doop wat in plaas van die besnydenis gekom het deur te sê dat die doop ons Verbondskinders maak, en dat ons dan nie net saligheid en wedergeboorte ontvang nie, maar ook Abraham se seëninge. Albei hierdie leerstellings is geheel en al in teenstelling met die Bybel. 'n Mens word wedergebore die dag as jy jou bekeer van jou sondes en Jesus Christus aanneem as jou Verlosser en Here. Die Evangelie van Johannes, die 3de hoofstuk, is baie duidelik hieroor want juis, hier is die geval van Nikodemus, 'n besnyde Jood, 'n kerkleier en beslis 'n Verbondskind vir wie Jesus duidelik laat verstaan het dat hy WEDERGEBORE moet word, om die Ewige lewe te beërwe.

Om die belangrikheid van die doop verder te onderstreep en ook die diep liggende betekenis van die doop dwarsdeur ONS GEESTELIKE ONDERVINDINGS as 'n geheel, let asb. op die volgende:

1. Wanneer ons WEERGEBORE word en Jesus aanneem as ons HERE en VERLOSSER word ons in die Liggaam van Christus in gedoop en die STRAF VAN DIE SONDER word verbreek oor ons lewens. DIE BLOED is hier pertinent (1 Joh. 5:8)

2. Wanneer ons in WATER GEDOOP word, word die MAG VAN DIE SONDE oor ons lewens verbreek. Dit is ook dus daarom dat baie van diegene wat net gebly het by wedergeboorte en nie verder gevorder het nie, steeds onder die mag van die sonde in hulle daaglikse lewe bly en 'n val

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Die Bybel se opdragte...)

en opstaan lewe lei. DIE WATER is hier pertinent (1 Joh. 5:8).

3. Wanneer ons in die HEILIGE GEES GEDOOP word, is Jesus Christus die Een wat ons doop en hier deur ONTVANG ONS KRAG oor Satan en sy magte. DIE GEES is hier pertinent(1 Joh. 5:8). Dit is duidelik dat AL DRIE hierdie DOPINGE (Heb. 6:1-2) NOODSAAKLIK is vir 'n OORWINNINGSLEWE.

Kan jy nou begin besef waarom JY NOG NOOIT GEVORDER HET IN JOU WANDEL MET DIE HERE NIE? En tot nou toe het jy dalk nie geweet nie, want die tradisionele leerstellings verkondig net die helfte hiervan en dan is dit nog verdraaid! Maar nou weet jy – WAT GAAN JY NOU MET DIE KENNIS MAAK?

Laat ons Skrif soek vir bogemelde drie punte. **Hand. 2:38: En Petrus sê vir hulle: BEKEER julle, en laat elkeen van julle GEDOOP word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die HEILIGE GEES ONTVANG.**

1 Joh. 5:8: En daar is drie wat getuig op die aarde: die GEES en die WATER EN DIE bloed, EN DIE DRIE IS EENSTEMMIG.

Hand. 1:8: Maar julle sal KRAG ONTVANG WANNEER DIE HEILIGE GEES oor julle kom.

Wat die seëninge van Abraham aanbetref: hierdie seëninge is nooit gekanselleer nie – nêrens staan dit so in die Bybel nie. Al voorwaarde wat God vir ons stel om erfgename van die seëninge en beloftes van Abraham te wees, is om IN CHRISTUS (gered) te wees. **Gal. 3:13, 14 en 29: Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet (en nie van die seëninge nie!) deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. BEHOORT, DAN IS JULLE DIE NAGESLAG VAN ABRAHAM EN VOLGENS DIE BELOFTE ERFGENAME. (Lees van die seëninge in Deut. 28:1 tot 14 en die vloeke van af vers 15).**

Jy hoef dan ook glad nie bekommerd te wees dat jou kinders verlore sal gaan omdat hulle nie gedoop is nie. HULLE IS GEHEILIG DEUR DIE GELOWIG OUER OF OUERS (1 Kor. 7:14). Al is daar net een gelowige ouer, is die kind onder die dekking van die geloof van daardie ouer. Daar is die Skriftuurlike gebruik van die toewyding van klein kindertjies aan die Here vir Sy seën en bewaring, soos Hannah met Samuel gemaak het – die Naam van die Here word oor die kind gespreek en gebid. Dit is mooi en goed, maar dit het niks te make met die waterdoop nie!

Geliefde, ek glo dat God die Heilige Gees by wyse van hierdie artikel oor die Waterdoop met jou gepraat het, en soos dit met alle geestelike seëninge is, neem dit toe volgens jou gehoorsaamheid aan God se Woord. My gebed is dat jy die volle pad van gehoorsaamheid sal loop, en die seën sal beslis volg!

Forget not all His Benefits Psalm 103:2

"Bless the Lord, O my soul: and all that is within me, bless His Holy name. Bless the Lord, O my soul, and forget not all his benefits: Who forgiveth all thine iniquities; who healeth all thy diseases; Who redeemeth thy life from destruction; who crowneth thee with loving kindness and tender mercies; Who satisfieth thy mouth with good things; so that thy youth is renewed like the eagle's. (Ps. 103:1-5).

Psalms is the great devotion book of the Bible. Much of it is consolation and comfort for the believer when he experiences trials, sorrows, and tribulations, but is it intended that these infirmities and distresses include sickness and disease? We do know many Christians experience illness. And these psalms are consolation for the Christian regardless of the nature of the afflictions he may endure. That is as it should be, but do the psalms teach that a man has to be sick, or if so, does he have to remain in that condition? The above verses written by David under the inspiration of the Holy Spirit declare otherwise.

We are told that the believer is to praise the Lord and to **"forget not all his benefits."** This was said for the very good reason that human nature being what it is, is apt to neglect some of these benefits – one of which includes the promise that God **"healeth all thy diseases."** This does not refer to spiritual healing, for that is included in the words, **"who forgiveth all thine iniquities."** The healing of dis-

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Forget not all His Benefits)
eases was something extra. Note that the promise was not for some diseases, but for **"all thy diseases".**

Other things are included too. Believers were not to receive healing only to have their bodies deteriorate into senility. The promise declares that God **"satisfieth thy mouth with good things; so that thy youth is renewed like the eagle's."** God would have our last days crowned with health and strength instead of the disabilities of advancing age.

The 91st Psalm goes beyond the promise of healing. It includes much more. It is a sublime revelation of divine protection for the believer and his family. Nevertheless, the psalm opens with a frank statement that its blessings are for those who choose to dwell **"in the secret place of the most high."** The blessings are not for those who are satisfied with a casual and superficial profession of religion. Indeed such persons are usually unaware that there is such a thing as **"the secret place. "**But there is, and Job refers to it when he says: **"There is a path which no fowl knoweth, and which the vulture's eye hath not seen: The lion's whelps have not trodden it, nor the fierce lion passed by it" (Job. 28:7-8).**

First of all the believer in the secret place is granted protection from the snares of Satan. The devil with the shrewdness gained by his long experience sets traps for the people of God to cause them, if they are not wary, to stumble and to fall. But the man who dwells in the secret place of the Most High may never be aware of some of the snares Satan has set for him, for God promised to deliver him **"from the snare of the fowler."** The dweller in the secret place is safe from agents of destruction.

"Thou shalt not be afraid for the terror by night; nor for the arrow that flieth by day; Nor for the pestilence that walketh in darkness; nor for the destruction that wasteth at noonday. A thousand shall fall at thy side, and ten thousand at thy right hand; but it shall not come nigh thee." (Ps. 91:5-7)

Today with the development of nuclear and even bacteriological warfare, horrors have been prepared to ravage the earth, involving weapons more deadly than any that have ever been known before. But God has promised that though ten thousand shall fall at thy right hand, **"it shall not come nigh thee."**

There is even divine protection against accidents. **"There shall no evil befall thee."** But the promise is for those who dwell in the secret place. No permanent misfortune can befall those who dwell there. What about sickness, disease, or the plague? More than healing is promised in this psalm. It emphasises, **"Neither shall any plague come nigh thy dwelling."** This is a promise that disease will not be allowed to strike a man's family. Nor is there any need of fear for **"thou shalt not be afraid for the terror by night … more for the pestilence that walketh in darkness."**

Yes, the 91st Psalm-Christian is not on the defensive. He takes the offensive; he assumes the dominion which Satan usurped, but which God intended man to have. **"Thou shalt tread upon the lion and adder: the young lion and the dragon shalt though trample under feet."** This is a clear allusion to Satan who **"goes about as a roaring lion, seeking whom he may devour."** Jesus, speaking to His disciples gave them **"power to tread on serpents and scorpions, and over all power of the enemy: and nothing shall by any means hurt you." (Luke 10:19).**

The Lord gives His angels charge over the believer who is in the "secret place;" they will watch over him his safety and his good. Not that he will have immunity from trouble, but rather deliverance from trouble. **"He shall call me, and I will answer him: I will be with him in trouble; I will deliver him, and honour him" (Ps. 91:15).**

There is warfare on, and the Christian who lives in the 91ste Psalm may get some scars, but there will always be deliverance for him.

Finally there is the promise of long life, not endless mortal life, but as the scripture reads, **"with long life will I satisfy him, and show him my salvation."** In other words he will be given time to complete his life's work. He will not be cut short in the midst of his days, but when his labours are over, God will take him from this world, where he will rest from his labours and receive his reward. And yet, since we are so near to the time of the Coming of Christ, it may be we shall not see death, but like Enoch of old be translated, changed, caught up in the air to meet the Lord – so shall we ever be with the Lord.

The truth of divine healing has been long established. A thousand miracles could not make the promise any stronger. A thousand failures could

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Forget not all His Benefits….)
not weaken it. And yet our personal experience has a place in the weight of evidence that overwhelmingly proves that Christ still heals today. Several times in our own family God has proved Himself to be the healer.

"And the very God of peace sanctify you wholly; and I pray God your whole spirit and soul and body be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ" (I Thess. 5:23)

Man is a trinity: he is body, soul and spirit. That the souls and spirit are not identical is shown by the fact that they are divisible (Heb. 4:12). Through his spirit, man is capable of a God-consciousness. Because he is a soul he has self-consciousness. Because he has a body, he, through his senses has world-consciousness.

Most agree that Christ's salvation saves the soul and spirit. But what about man's body? Clearly the physical body was never made to be eternal. It is a marvellous mechanism, the functions of which never cease to astonish and amaze those who study it. As the psalmist said, **"I am fearfully and wonderfully made" (Psalms 139:14).** Yet it is fragile, subject to corruption, and will return to dust when its purpose has been served. It will be superseded at the resurrection by a glorified, incorruptible body – a body that will be like unto that of Christ's.

Nevertheless, God in His abundant grace and lavishness has provided for the needs of even this temporary physical body. We are to be **"sanctified wholly."** Notice the word **"wholly."** Our whole body, soul, and spirit are to "be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ." In other words, just as our soul and spirit are to be preserved blameless, so God intends that our body will be preserved, as long as we are on earth. If we are sick, if we are subject to a foul disease, we can hardly say our body is being preserved. That is why Christ has promised not only to heal His people but to give them divine health.

And to what purpose are we to be kept blameless, body, soul and spirit? As the very Bride of Christ, we are to prepare ourselves for His coming. In Revelation 19:7, we are told of the marriage supper of the lamb and that **"His wife hath made herself ready."** That is why Paul enjoins our **"whole spirit and soul and body be preserved blameless unto the coming of our Lord Jesus Christ."** ●

Uit die skatkis van die Here
MEDITEER OP 1 PETRUS 5: 6-7

Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd. Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle (1 Pet.5:6-7).

WERP ALLE BEKOMMERNIS OP GOD – HY GEE OM!

Die Bybel sê dat " selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies" (Luk. 12:7).

Daarom as God genoeg omgee om aandag te gee aan die hare op jou kop, is daar dan enigiets te klein vir Hom, dat jy nie met Hom daaroor kan praat nie?

God se liefde vir jou is oneindig gedetailleerd. Hy gee nie net om oor die groter gebeure in die wêreld of die belangrike gebeure in jou lewe nie , soos jou verlossing. Hy is ook kardinaal en intens betrokke in die dag tot dag klein details van jou lewe!

My geliefde Sy liefde vir jou is persoonlik, gedetailleerd en in diepte. Jou hemelse Vader wil hê dat jy Hom in die kleinste, mees wêreldse dinge van jou lewe betrek. Werp dus elke bekommernis op Hom wetende dat jy Sy volle aandag met al die hemelse bronne het , wat jou ondersteun! Amen!

Hemelse Vader wil hê dat jy Hom in die kleinste, mees wêreldse dinge van jou lewe betrek. Werp dus elke bekommernis op Hom wetende dat jy Sy volle aandag met al die hemelse bronne het, wat jou ondersteun! Amen!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.



UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefde in Jesus,

Hierdie maand se "Uit Dr James se kantoor" is 'n herhaling van die een wat in ons Nuusbrief van November 2008 verskyn het en ek voel dat dit die dringendheid uitdruk van die tye waarin ons nou leef.

Daar was soveel opgewondenheid oor die Vier Bloedmane in die laaste tyd, en dit was wonderlik om te sien dat ons, amper vyf jaar gelede, die aandag gevestig het op hierdie "tekens in die hemel ". Die volgende is netsoos dit in Nov. 2008 verskyn het :

Omdat daar so baie so vinnig op die oomblik in die wêreld gebeur, wat elke faset van die lewe beïnvloed, het ons almal selfs meer bewus geraak van die dringendheid van die uur! As gevolg hiervan voel ek dat ek 'n baie interessante studie met u wil deel wat ek laas maand (Okt. 2008) van Mark Warren uit Australië ontvang het, ek is seker dat u net so opgewonde soos ek sal wees toe ek dit gelees het.

WEES OP DIE UITKYK.

Pastoor Mark het die verskyning van 'n sonsverduistering – wanneer die son donker word – bestudeer en het van die NASA webwerf ontdek dat twee sonsverduisterings gedurende die Jaar 2015 gaan plaasvind. Wanneer die Messias kom sal Hy die vier lente Feeste van die HERE vervul wat in Lev. 23 opgeteken is.

Die Messias het op die Pasga gesterf. Hy is die Paasfees Lam van God, daarom het **Hy die Pasga vervul.**

So het **Hy** ook **die fees van Ongesuurde Brode vervul,** omdat Hy sonder suurdeeg was. Die Messias is die sondelose Brood uit die Hemel.

Jesus het ook **die fees van die Eerstelinge vervul** aangesien Hy die Eersteling vanuit die dode was. Die Messias is op die eerste dag van die week opgewek.

Pinkster of **Shavuot** is die volgende fees. En die Messias het hierdie fees **vervul** toe die Gees van God op die dissipels gekom het wat in Jerusalem gewag het vir die beloofde gawe (Hand. hoofstuk 2).

Al hierdie voorgeskrewe feeste is vasgestel vir die Lente maande van die Hebreeuse kalender; en die Messias het hulle met Sy eerste koms vervul.

Die Messias kom vir die tweede keer.

Aangesien Hy die bepaalde voorgeskrewe Feeste presies op hul dae vervul het met Sy eerste Koms, kan ons seker wees dat Sy tweede Koms sal plaasvind op die dae van die voorgeskrewe Feeste wat nog vervul moet word.

Hierdie voorgeskrewe Feeste wat nog vervul moet word vind plaas in die sewende maand (Tishrei), beginnende met die Fees van Trompette (die Dag van Versoening en uiteindelik Tabernakels).

Pastoor Mark Biltz, 'n Messiaanse Pastoor in Bonny Lake, VSA, het sekere interessante ontdekkings aan die lig gebring aangaande die verskyning van son en maan verduisterings en die datums waarop hulle val gedurende die Hebreeuse Kalender.

Pastoor Mark verwys na die Hebreeuse woord vir tekens en vasgestelde dae, en verduidelik dat son en maan verduisterings in gedeeltes soos Joel 2:31: " **Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom ",** tekens is vir die wederkoms van die HERE, op die vasgestelde tyd. Sien ook Matt. 24 :29; Mark. 13:24; Openb. 6: 12.

Nadat hy die NASA webwerf ondersoek het, het pastoor Mark ontdek dat vier maansverduisterings (vier mane rooi soos bloed) sal plaasvind in 2014 en 2015. Belangriker nog is dat dit op vier belangrike dae in die Joodse Kalender sal verskyn.

Dit is twee bloedrooi mane op twee opeenvolgende Paasfeeste (twaalf maande uitmekaar 2014, 2015) en dan op twee opeenvolgende Tabernakels (ook twaalf maande uitmekaar 2014, 2015) – 'n Hemelse teken.

Die Hemelse teken sal nie weer in hierdie eeu gebeur nie. Dit vind slegs in 2014 en 2015 plaas.

Volgens die geskiedenis gebeur iets betekenisvol aangaande Israel, wanneer die soort Hemelse tekens verskyn.

Die vorige verslag van die bepaalde Hemelse teken was in 1967. Die stad Jerusalem is in Junie 1967 aan Israel teruggegee na 2500 jaar van Heidense beheer.

Voor 1967 het die Hemelse teken in 1949-50 verskyn, wat gevolg het op die hervestiging van die Staat Israel.

Verder terug in die geskiedenis het die Hemelse teken vir 'n aantal eeue nie plaasgevind nie; sy volgende verskyning was in 1492. Dit was die jaar toe die Joodse volk uit Spanje verban is.

Verwysend na die Hebreeuse kalender sal een sonsverduistering plaasvind op die 1ste Nisan (die eerste dag van die godsdienstige jaar), terwyl die tweede ('n gedeeltelike verduistering) sal plaasvind op die 1ste Tishrei (Die Fees van Trompette), die begin van die burgerlike jaar, albei in die Jaar 2015.

Ter samevatting, vier rooi soos bloed mane en twee gebeurtenisse wanneer die son verduister, almal verskyn gedurende die belangrike, wat egter nog vervul moet word, voorgeskrewe Feesdae van die HERE.

Pastoor Mark sien die Jaar 2015 as baie belangrik vir Israel en vra alle gelowiges om op te let!

As jy toegang tot die internet het, beveel ek aan dat jy

(Vervolg op Bl. 8)

(Vervolg vanaf Bl. 7 - Uit Dr James)
die skakel hieronder volg om twee 30 minute sessies te kyk: http://kingdomengineers.wordpress.com/2008/05/03/blood-moon-eclipses-video-interviews/

Ek was geseën deur die twee onderhoude. Die tweede was veral spesiaal omdat aangegaan is met die tema van om op die uitkyk te wees, hier verduidelik Pastoor Mark uit die Skrif "Waarna Uitgekyk moet word ".

Laat ons dus op die uitkyk wees en bid "Kom Here Jesus ". God se Woord bevat vir seker baie wonderlike skatte en Hy openbaar hulle aan ons wanneer die tyd reg is vir ons om meer van Sy verborge waarhede daarin te weet. Ons dien 'n wonderlike God!

Weereens wil ons u opreg bedank vir u liefde, gebede en ondersteuning, alles wat onmisbaar vir ons is terwyl ons aanhou om hulle te bedien wat Ewige Verlossing en genesing van die gees, siel en liggaam nodig het. U is so 'n groot deel van die werk wat vanaf die Sentrum uitgaan en ons dank en prys ons Here vir u terselfdertyd wanneer ons u versoeke aan Hom bekend maak! Hy is getrou selfs wanneer ons Hom faal! Sy liefde en barmhartigheid is bo ons verstand, en Sy genade en krag bewaar ons daagliks! Dit is waarom ons Hom lief het en Hom elke uur van elke dag wil dien omdat dit die goedheid van God is wat 'n mens tot berou lei(Rom2:4).

Mag ek en u dag na dag nader aan Hom kom terwyl ons gretig op Sy koms wag. Ons Koning Kom!

Met baie liefde in Jesus,

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Hallo,

Dit gaan beter met Ulrich, hy het 2 voedings 60ml van 80ml wat hy moet drink self gedrink.

Die nag personeel se hy gaan moontlik more huistoe, afhangende van die 2 nag voedings. Hy is ook genees van die geelsig en was vanoggend al uit onder die ligte. Ek sal jul verder op hoogte hou.

Baie dankie vir al jul gebede.

Danielia

Wees gegroet in die naam van ons Koning Jesus. Ek wil net baie dankie sê vir die wonderlike en lewende Woord wat ek elke maand ontvang. Het al baie gegroei en geestelik sterk geword deur die nuusbriewe. Ek was baie siek en het voorbidding gevra, en ek glo deur Jesus se wonde is ek genees. Ek het die HIV virus gehad vanaf 2005 en tot vandag is ek skoon. God het my genees. Dokters kon nie meer die virus sien! Al die lof en die eer aan die Here!!

Liefdegroete

R Malgas, Coldstream

Liewe Dr James en span,

Ek het julle drie maande gelede gebel en voorbidding gevra vir my skoonsuster Marel Viljoen. Sy is gediagnoseer met long en keelkanker. Alle eer aan die Here!! Ons en julle gebede is verhoor, sy is heeltemal skoon.

Liefde in Christus

Mev D v d Westhuizen

Geagte Dr,

U het vir my gebid vir kanker in my blaas. Ek is beter, baie dankie Dr. Ek gee die Here al die eer en lof!

Liefdegroete

Mev H Mattheus, Port Elizabeth

Liewe Dr. James, Meg en span

Ek wil graag getuig van ons Hemelse Vader se Almagtige wonderwerke!!

Die Here het die vensters van die Hemele oopgemaak en voorsien in al ons behoeftes, in oorvloed!! My man het 'n goeie werk gekry. Die Here het ons huwelik herstel en ons is besig om al ons skuld te betaal, Ek dank God vir ons huis wat hy gaan stuur en vir Sy beskermende hand oor ons elke dag.Hou vas aan God se beloftes, al lyk omstandighede hoe donker. Weerstaan die duiwel in JESUS NAAM! God sal op die regte tyd voorsien. Ek Loof en Prys ons Almagtige Hemelse Vader vir die genade en genesing wat Hy ons skenk elke dag en dat ons die voorreg het om sy kinders te mag wees!!

Vreeslik dankie vir julle gebede en boekies wat ons soveel leer.

Mag God julle ryklik seën!!

Liefde

Madeleine, Lucas, Reinhardt

Weereens baie, baie dankie vir die wonderlike boekies en brief van bemoediging dat julle vir ons bid. Ons Hemelse Vader seën ons ryklik elke dag. My seun het 'n wonderlike werk gekry! Ons is so opgewonde en ons dank ons Hemelse Vader vir Sy liefde!!

Liefdegroete

Joey, Petrusburg

My dogter het 'n bloeiende maagseer gehad, en sy was baie siek en in slegte toestand. Ek het julle gevra om vir haar te bid, en die Here het ons gebede beantwoord!! Ek sê groot dankie aan ons Hemelse Vader, en ook dankie aan Dr James en sy mense by die Sentrum. Prys die Here!! Prys Sy grote naam.

Seën aan almal by die Sentrum.

Mnr en Mev S Pretorius, Pretoria

Ek wil vir dokter bedank vir gebed. U het vir Martin gebid, hy is totaal genees!! Hy was 'n diabeet toe hy weer dokter toe is was daar geen teken dat hy 'n diabeet is nie. Ek loof en prys die Here!!

Mev Balfour, Bellville